# Stem vir die ANC!

## Op 27 April kom die verkiesing!


Vir die eerste keer in Suid-Afrika se geskiedenis sal alle mense kan stem. Ons sal 'n nuwe regering kan kies. Ons sal kan stem vir al die dinge wat ons nooit gehad het nie.

## Wil jy 'n regering hê wat hierdie dinge aan jou kan gee:

- Werk vir almal - ook vir vroue
- 10 jaar gratis onderwys vir alle kinders
- Lopende water en elektrisiteit in jou huis
- Gratis mediese sorg vir mense wat dit nie kan bekostig om daarvoor betaal nie
- Die reg om grond te besit en om grond terug te kry wat met geweld afgeneem is
- Werkers se regte vir almal - veral vir plaaswerkers, huishulpe en werkers in die staatsdiens.

## Stem dan vir die ANC!

Niemand word gedwing om vir die ANC te werk nie, maar ons moedig jou aan om dit te doen - want net die ANC het 'n program wat ons almal kan gee wat ons nodig het.




## Laat ons mekaar leer hoe om te stem

DIE TYD HET AANGEBREEK om saam te staan vir 'n oorwinning. Elke mens moet stem om seker te maak dat ons 'n groot oorwinning behaal in die verkiesing. Maar ons het baie werk om te doen. Die meeste mense in die land het nog nooit gestem nie. En baie mense kan nie lees

## Laat Elkeen 'n Ander Een Leer!

Wanneer julle Kersfees by die huis of op vakansie is, wanneer julle jul familie en vriende op die dorpe, plattelandse dorpies en plase gaan besoek, doen dan een klein takie vir vryheid. LAAT ELKEEN 'N ANDER EEN LEER! Praat met jou familie: jou ma en jou pa, jou ouma en jou oupa, jou broers en jou susters en jou tantes, jou vriende en die mense van jou tuisdorp.

***Maak seker dat hulle:***

- ***weet hoe om te stem***
- ***identiteitsdokumente het***
- ***vir die ANC gaan stem***

## Werkers, DIE TYD HET AANGEBREEK!


**Vertrouensmense (shopstewards), organiseerders en vakbondlede**

Vertrouensmense (shopstewards), organiseerders en vakbondlede, organiseer vir die verkiesing as deel van jul daaglikse werk. As jy enige vergadering bywoon - byvoorbeeld vakbondvergaderings of vergaderings van vertrouensmense (shopstewards) - maak seker dat almal wat daar is, weet hoe om te stem.

# Laat Elkeen 'n Ander Een Leer!

# HOE OM TE STEM

## 1 GAAN NA DIE STEMLOKAAL




Gaan op 27 April na die naaste stemlokaal sodat jy jou X kan maak vir die ANC.

Onthou om jou identiteitsdokument (ID-boek) saam te vat. Jy sal dit moet wys aan die beamptes wat daar werk.

Die beamptes sal ink op jou hand sit om te wys dat jy gestem het. Dit is om te keer dat mense meer as een keer probeer stem.


## STEM OP 27 APRIL

**27 April is die dag van die verkiesing. Dit sal die eerste keer wees dat alle Suid-Afrikaners vir hul regering kan stem. Jy moet 18 jaar of ouer wees om te kan stem.**

**Maak seker dat jy stem, sodat ons 'n einde kan maak aan apartheid. Maak seker dat jy stem, sodat ons 'n regering kan hê wat vir al die mense sorg.**

### Kry jou ID


Op 27 April sal jy 'n bewys van jou identiteit moet hê om te kan stem. Maak seker jy het 'n ID-boek.









## 5 SIT JOU STEMBRIEF IN DIE STEMBUS




## 2 KRY 'N STEMBRIEF





Wanneer die beamptes by die stemlokaal na jou ID-boek kyk, sal hulle jou ook 'n vorm gee om mee te stem. Dit word 'n stembrief genoem. Die name van al die partye wat aan die verkiesing deelneem, sal daarop wees. Neem die stembrief saam na die stemhokkie.

## 3 GAAN NA DIE STEMHOKKIE



'n Stemhokkie is 'n spesiale hokkie waarin jy gaan staan om te stem sodat niemand kan sien vir wie jy stem nie. In die stemhokkie maak jy jou X vir die party vir wie jy wil stem. Voordat jy by die stemhokkie uitgaan, moet jy jou stembrief vou sodat ander mense nie kan sien vir wie jy gestem het nie. Deur dit te doen, kan jy stem vir wie jy wil - want niemand sal weet vir wie jy gestem het nie. Jy hoef dus nie bang te wees nie. Niemand kan jou dreig nie.

## 4 MAAK 'N X




Jy moet **net een X** op die stembrief maak. Maak jou X in die blokkie langsaan die naam van die party vir wie jy wil stem.

Daar sal 'n boks wees waarin jy jou stembrief moet sit. Die boks word gesluit gehou. Onthou om jou gevoude stembrief in die boks te sit as jy klaar jou X gemaak het. As jy jou stembrief in die boks gesit het, dan het jy klaar gestem.

Wanneer almal klaar gestem het, sal die Onafhanklike Verkiesing Kommissie die boks oopsluit, al die stembriewe uithaal en die stembriewe tel om te sien wie die verkiesing gewen het.




**Stem ANC vir Vrede, Werk en 'n Beter Lewe vir Almal!**

# Vorm Spanne om vir die Verkiesing te Werk

*Comrades* wat uit dieselfde plattelandse gebied kom, moet saam spanne vorm terwyl hulle nog in die stad is. Wanneer hulle by die huis kom, kan hulle dan saamwerk om seker te maak dat mense weet hoe om te stem en dat hulle ID-boeke het, of dat hulle ID-boeke kry as hulle dit nog nie het nie.

As daar studente uit dieselfde plattelandse gebied is, of ander vrywilligers, sluit hulle so gou as moontlik by julle span in. Julle kan almal saam voorberei vir die verkiesingwerk wat julle gaan doen as julle by die huis kom. Versamel dinge soos vlae, plakkate, pamflette en T-hemde wat julle kan saamneem huis toe om te help met die werk. Julle kan hierdie hulpmiddels by 'n ANC-kantoor kry of by julle vakbond-kantoor of die naaste COSATU-kantoor.

Hierdie pamflet verduidelik hoe 'n mens stem en wat jy moet doen om 'n identiteitsdokument te kry. Neem hierdie pamflet en gebruik dit om mense te leer hoe om te stem.



# Hoe om 'n ID-Boek to Kry

Jy sal 'n ID-boek nodig hê om op 27 April te kan stem. Dit behoort omtrent vier weke te vat om een te kry, maar dit kan soms tot drie maande vat - jy moet dus onmiddellik aansoek doen. Om aansoek te doen vir 'n ID-boek werk nou op dieselfde manier vir alle Suid-Afrikaners, maak nie saak van watter ras hulle is nie.

As dit die eerste keer is dat jy vir 'n ID-boek aansoek doen, sal dit jou niks kos nie. As jy jou ID verloor het, sal dit jou omtrent R15 kos om 'n nuwe een te kry.

## Wat moet jy doen om 'n ID te kry

1. Gaan na die naaste kantoor van Binnelandse Sake. Neem twee paspoortfoto's saam en ook jou ou bewysboek (pasboek) OF jou geboortesertifikaat.
2. By die kantoor van Binnelandse sake sal jy 'n aansoekvorm moet invul en jou vingerafdrukke laat neem. Gee jou vorm saam met die twee paspoortfoto's en jou ou bewysboek OF geboortesertifikaat in.
3. Vra hoe lank dit hulle gaan vat om jou ID-boek vir jou te stuur, sodat jy weet wanneer jy dit moet gaan haal. Dit behoort nie langer as vier weke te wees nie.

**Die kantore van Binnelandse Sake is tot 3 nm oop, Maandag tot Vrydag.** As jy enige probleme ondervind, gaan vra hulp by die naaste vakbond-kantoor, ANC-kantoor, Black Sash Advieskantoor, of jou plaaslike priester.

## Wat moet jy doen as jy nie 'n geboortesertifikaat het nie

Om 'n ID-boek te kry as jy nie 'n geboortesertifikaat het nie, kan jy OF nommer 1, OF nommer 2, OF nommer 3 doen:

1. Bring 'n familielid wat meer as tien jaar ouer as jy is saam na die kantoor van Binnelandse Sake sodat die familielid aan hulle kan verduidelik dat jy 'n Suid-Afrikaanse burger is. OF:
2. Neem enige dokument saam wat jy in jou hele lewe gekry het wat jou kan help om te bewys dat jy 'n Suid-Afrikaanse burger is. Voorbeelde van sulke dokumente is jou doopsertifikaat of jou trousertifikaat, enige skoolsertifikate, enige sertifikate van jou werk en enige mediese sertifikate. Jy hoef net een van hierdie dokumente saam te vat om te bewys dat jy 'n Suid-Afrikaanse burger is. OF:
3. As jy geen familielid kan kry om jou te help nie en ook nie enige van die dokumente het wat in nommer 2 genoem word nie, kry dan 'n brief van 'n gerespekteerde mens in jou gemeenskap wat jou goed ken - iemand soos die priester, of die skoolhoof. In die brief moet die mens sê hoe hy of sy jou ken en dat jy 'n Suid-Afrikaanse burger is.

*As daar meer as twintig mense in jou woongebied is wat 'n ID-boek nodig het, kontak dan die streek-kantoor van Binnelandse Sake om 'n mobiele eenheid na jul gebied te stuur. Dit sal julle niks kos om die mobiele eenheid na julle te laat kom nie. Hulle sal dan julle ID-boeke aanstuur wanneer dit gereed is.*

## Home Affairs Offices

| Region/Town | Telephone No. | Address |
|---|---|---|
| Western Cape | (021) 462-4990 | Faircape Building, 56 Barrack Street, Cape Town |
| Witwatersrand | (011) 834-3405 | New Government Building, Corner Harrison and Plein Streets, Johannesburg |
| Natal | (031) 306-2760 | 814 Oswald Pirow Building, Smith Street, Durban |
| Northern Transvaal | (01311) 53-100 | 1st Floor Progress House, Bester Street, Nelspruit |
| Central Transvaal | (012) 326-2450 | 1st Floor Sentrakor Building, Pretorius Street, Pretoria |
| Eastern Cape | (041) 55-1088 | Masterbond Trust Building, Main Street, Port Elizabeth |
| Northern Cape | (0531) 81-2862 | New Public Offices, Knight Street, Kimberley |
| Orange Free State | (051) 30-1130 | Masterbond Trust Building, Maitland Street, Bloemfontein |
| George | (0441)73-6087 | York Park, St John Street, |
| Beaufort West | (0201) 2191 | Saambou Building, 122 Donkin Street, Beaufort West |

**These are only some of the offices for Home Affairs. Phone or visit one of these to find out about other offices in your area or to ask for a mobile unit.**